

Persverklaring: Jan Marais-prys 2018

Die Jan H Marais-prys vir uitstaande bydrae in Afrikaans as wetenskapstaal word vanjaar vir die derde keer toegeken. Die wenner is professore Christo van Rensburg, 'n taalkundige en navorsingsgenoot van die NWU en Marinus Wiechers, 'n regsgeleerde voorheen verbonde aan die regs fakulteit van Unisa en voormalige rektor van daardie instelling. Vanweë die voortreflike nominasies wat die keurkomitee ontvang het, word die prys van 0,5 miljoen rand gelykop tussen professore van Rensburg en Wiechers verdeel. Elkeen ontvang ook 'n bronsbeeld deur Coert Steynberg, voormalige skoonvader van prof Wiechers.

Die Jan Marais-prys is 'n huldeblyk aan Mnr Jan H Marias van Stellenbosch wat sy fortuin in 1915 bemaak het vir die bevordering van Afrikaans en die welsyn van Stellenbosch. Dit is die grootste prys van sy aard in Suid-Afrika.

Die keurkomitee het vandag in Stellenbosch vergader onder die voorsitterskap van prof Andreas van Wyk, vroeëre rektor van die US. Die keurkomitee het bestaan uit proff Christoff Heyns van Universiteit van Pretoria se regs fakulteit; prof Piet Steyn, afgetrede hoof van navorsing aan die US; Dr Johan van Zyl, vorige rektor van UP en tans voorsitter van Sanlam; Professor Hennie van Coller, emeritus uitstaande professor in Afrikaans aan die Universiteit van die Vrystaat. Die prys word geadminestreer deur die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns en die vergadering is ook deur die Akademie se HUB Dr Dioné Prinsloo bygewoon.

Die toekennings sal op 30 Mei 2018 by 'n glansdinee te Stellenbosch oorhandig word.

Professor van Rensburg word vereer vir 'n loopbaan in diens van Afrikaans en sy historiese variëteite. Hy het baanbrekende werk verrig oor die herkoms van Afrikaans, in besonder die invloed van Khoi-Afrikaans.

Professor Marinus Wiechers het die weg gebaan vir erkenning van die administratiefreg as 'n sleutelonderdeel van die Suid-Afrikaanse reg. Sy seminale werk het 'n model van die Franse Administratiefreg in Suid-Afrika nagevolg waardeur hy 'n nog immer beduidende bydrae tot die nuwe bedeling in SA gemaak het.

Vir navrae skakel: AH van Wyk by 0828093113

e-pos ahvw@sun.ac.za